bewerkstellig. Olansapien verhoog die reaksie op 'n 'anksiolitiese' toets. In 'n enkeldosis (10 mg) foton-emissie tomografie-studie by gesonde vrywilligers, het olansapien hoër $5HT_{2A}$- as dopamien D_2-reseptorbesetting teweeggebring.

Antagonisme van muskarienreseptore (m_1-m_5) deur olansapien kan die anticholinergiese effekte daarvan verklaar. Antagonisme van histamien H_1-reseptore deur olansapien kan die slaperigheid wat met die geneesmiddel waargeneem is, verklaar. Antagonisme van adrenergiese α_1-reseptore deur olansapien kan die ortostatiese hipotensie wat met die geneesmiddel waargeneem is, verklaar.

Farmakokinetiese eienskappe: Olansapien word goed geabsorbeer na mondelike toediening en bereik piekplasmakonsentrasies binne 5 tot 8 uur. Absorpsie word nie deur voedsel beïnvloed nie.

Farmakokinetiese studies het getoon dat ZYPREXA film-bedekte tablette en ZYPREXA VELOTAB orale oplosbare tablette bio-ekwivalent is.

Olansapien word in die lewer gemetaboliseer deur middel van konjugasie en oksidasie. Die hoof sirkulerende metaboliet is die 10-N-glukuronied, wat nie deur die bloedbreinskans gaan nie. Ander metaboliete sluit die N-desmetiel- en die 2-hidroksimetielmetaboliete, waarvan nie een *in vivo* farmakologies aktief is nie, in. Die moederverbinding is verantwoordelik vir die oorheersende farmakologiese aktiwiteit. Na mondelike toediening het die eliminasie-halfleeftyd van olansapien by gesonde persone gewissel volgens ouderdom en geslag:

	< 65 jaar	**≥ 65 jaar**
Mans	29 uur	49 uur
Vrouens	39 uur	55 uur

Tydens 'n studie met 24 gesonde proefpersone, was die gemiddelde eliminasie-halfleeftyd van olansapien ongeveer 1,5 keer langer by bejaarde persone (≥ 65 jaar) as by jonger persone (< 65 jaar). Dosering van bejaarde persone moet met omsigtigheid gedoen word, veral as ander faktore, wat 'n bydraende invloed op die geneesmiddelmetabolisme en/of farmakodinamiese sensitiwiteit kan hê, teenwoordig is.

Plasma-opruiming van olansapien is hoër by rokers.

Die gesamentlike invloed van ouderdom, rook en geslag kan tot aansienlike farmakokinetiese verskille in die populasie aanleiding gee. By jong, rokende mans, kan die olansapien-opruiming byvoorbeeld 3 keer hoër wees as by bejaarde, nie-rokende vrouens. Dosisaanpassing kan nodig

wees by pasiënte met 'n kombinasie van faktore, wat tot stadiger metabolisme van olansapien aanleiding kan gee.

Die farmakokinetiese eienskappe van olansapien was soortgelyk by pasiënte met erge nierontoereikendheid en normale proefpersone, wat daarop dui dat dosisaanpassing, gebaseer op die graad van nierontoereikendheid, nie nodig is nie. Daarbenewens word olansapien nie deur dialise verwyder nie. Die effek van nierontoereikendheid op metaboliet-eliminasie is nie nagevors nie.

Die plasmaproteïenbinding van olansapien was ongeveer 93 % oor die konsentrasiereikwydte van ongeveer 7 tot ongeveer 1 000 ng/ml. Olansapien is hoofsaaklik aan albumien en α_1-suurglikoproteïen gebonde.

Wanneer intramuskulêr toegedien, word olanzapien vinnig opgeneem en piekkonsentrasies word binne 15 tot 45 minute waargeneem. Die piekkonsentrasie is ongeveer vyf keer hoër as 'n ekwivalente mondelike dosis. Die halfleeftyd na binnespierse toediening is soortgelyk aan dié na mondelike toediening. Die farmakokinetika is reglynig oor die kliniese doseringsreikwydte. Die metaboliese profiel na binnespierse toediening is kwantitatief soortgelyk en kwalitatief identies aan die metaboliese profiel na mondelike toediening.

INDIKASIES:

Orale olansapien: ZYPREXA en ZYPREXA VELOTAB tablette word aangedui vir die beheer van manifestasies van psigotiese versteurings.

Die antipsigotiese doeltreffendheid van ZYPREXA is vasgestel in gekontroleerde proewe van skisofreniese binne-pasiënte, vir die behandeling van positiewe simptome (soos waandenkbeelde, hallusinasies, verwarde denke, vyandigheid en agterdogtigheid) en negatiewe simptome (soos afgestompte gemoed, emosionele en sosiale onttrekking en gebrekkige spraak).

Dit word aanbeveel dat pasiënte wat op die behandeling reageer, voortgaan met die laagste dosis ZYPREXA wat nodig is om remissie te handhaaf. Pasiënte moet periodiek geëvalueer word om die nodigheid van instandhoudingsbehandeling te bepaal.

ZYPREXA word ook aangedui vir die behandeling van ‘n akute episode van matige tot erge manie en vir die voorkoming van herhaling van maniese of depressiewe episodes in bipolêre versteurings.

Intramuskulêre olansapien: ZYPREXA IM inspuiting word aangedui vir die beheer van agitasie en versteurde gedrag by pasiënte met skisofrenie en verwante psigoses en by pasiënte met akute

manie wat met Bipolêre I afwyking verband hou, wanneer orale terapie nie toepaslik is nie. Behandeling met ZYPREXA IM moet gestaak en die gebruik van ZYPREXA of ZYPREXA VELOTAB tablette begin word sodra klinies van pas.

KONTRA-INDIKASIES:

ZYPREXA word teenaangedui by pasiënte wat daarvoor allergies is. Dit word ook teenaangedui by pasiënte met 'n bekende risiko van nouhoek-gloukoom.

Pediatriese gebruik: Veiligheid en doeltreffendheid by pasiënte onder die ouderdom van 18 jaar is nie vasgestel nie.

WAARSKUWINGS:

Diskontinuasie reaksies mag voorkom, gewoonlik binne ’n week nadat ZYPREXA gestaak is. Hierdie reaksies mag voorkom as cholinergiese sindroom (diaforese, diarree, sialoree, naarheid en braking, angstigheid, agitasie, insomnie en bewing). ZYPREXA moet om hierdie rede geleidelik verminder word.

Intramuskulêre gebruik: Ernstige/hewige bradikardie, sinkopee kan voorkom. Tydens kliniese proewe was daar gevalle van erge simptomatiese hipotensie, apnee en ventrikulêre tagidisritmieë, insluitend fataliteite. In meeste van die ernstige gevalle was daar ’n temporale verhouding met die gebruik van bensodiasepiene. Sien ‘Spesiale Voorsorgmaatreëls’.

Hiperprolaktinemie: ZYPREXA verhoog prolaktienvlakke en 'n matige verhoging duur voort tydens langdurige toediening. 'n Toename in borskliergewasse, wat as prolaktien-bemiddeld beskou word, is na langdurige toediening van antipsigotiese middels by knaagdiere gevind. Die toepaslikheid van die voorkoms van prolaktienbemiddelde endokriene gewasse by knaagdiere ten opsigte van risiko vir die mens is onbekend.

Neuroleptiese maligne sindroom (NMS): NMS het selde in assosiasie met ZYPREXA voorgekom. NMS is 'n potensieel noodlottige simptoomkompleks. Kliniese manifestasies van NMS is hiperpireksie, spierstyfheid, verandering in geestestoestand en tekens van outonome onstabiliteit (onreëlmatige pols of bloeddruk, tagikardie, sweettoename en hartdisritmieë). Addisionele tekens kan verhoogde kreatinienfosfokinase, mioglobinurie (rabdomiolise) en akute nierversaking insluit. ZYPREXA moet gestaak word indien enige van die kliniese manifestasies van NMS, of hoë koors sonder die addisionele kliniese manifestasies van NMS, waargeneem word.

Konvulsies: ZYPREXA moet met omsigtigheid gebruik word by pasiënte met 'n geskiedenis van konvulsies of wat onderhewig is aan faktore wat die drempelwaarde van konvulsies kan verlaag. Konvulsies is selde by pasiënte tydens behandeling met olansapien aangemeld. In meeste van die gevalle, is òf 'n geskiedenis van òf risikofaktore vir konvulsies aangemeld.

Vertraagde diskinesie: ZYPREXA is met 'n lae voorkoms van diskinesie tydens behandeling geassosieer. Indien tekens of simptome van vertraagde diskinesie voorkom by 'n pasiënt wat ZYPREXA ontvang, moet 'n dosisvermindering of staking van die behandeling oorweeg word. Sommige pasiënte kan egter baat vind by voortgesette behandeling met ZYPREXA ten spyte van die teenwoordigheid van hierdie sindroom. Die risiko van vertraagde diskinesie verhoog met langdurige blootstelling en simptome kan tydelik vererger of selfs ontstaan nadat behandeling gestaak is.

Lewerontoereikendheid: Olansapien moet met omsigtigheid gebruik word by pasiënte met tekens en simptome van lewerontoereikendheid, by pasiënte met voorafbestaande toestande wat met beperkte lewerfunksie-reserwe geassosieer word en by pasiënte wat met medisyne met moontlike lewertoksisiteit behandel word. Periodieke vasstelling van transaminases word aanbeveel by pasiënte met beduidende lewersiekte. 'n Aanvangsdosis van 5 mg moet oorweeg word by pasiënte met matige lewerontoereikendheid.

Kennis oor veiligheid in bejaarde pasiënte met demensie-verwante psigose:
Die effektiwiteit van ZYPREXA in bejaarde pasiënte met demensie-verwante psigose, is nog nie vasgestel nie. Tydens plasebo gekontroleerde kliniese studies van bejaarde pasiënte met demensie-verwante psigose, was die insidensie van sterftes statisties hoër in die olansapien behandelde pasiënte as in die plasebo behandelde pasiënte (3,5 % vs. 1,5 % onderskeidelik). Abnormale stap en val was baie algemeen (> 10 %), urinêre inkontinensie en respiratoriese infeksie was algemeen, en daar was ’n verhoogde insidensie van serebrovaskulêre insidente, insluitend beroerte. Risiko faktore wat hierdie pasiënte populasie se mortaliteit risiko verhoog wanneer hulle ZYPREXA behandeling ontvang, sluit in ouderdom ≥ 80 jaar, sedasie, gelyktydige gebruik met bensodiasepiene, of die teenwoordigheid van pulmonêre siekte (bv. pneumonie, met of sonder aspirasie).

Hiperglisemie en Diabetes Mellitus:
Hiperglisemie, in sekere gevalle van ernstige graad en geassosieer met ketoasidose of hiperosmolêre koma of sterfte, is aangemeld in pasiënte op ZYPREXA behandeling.

Pasiënte met ’n bestaande diagnose van diabetes mellitus wat met ZYPREXA behandeling begin word, moet gereeld gemoniteer word vir verswakking van glukose beheer. Pasiënte met risiko faktore van diabetes mellitus (bv. oorgewig, familie geskiedenis van diabetes), wat ZYPREXA behandeling begin, moet gemonitor word vir simptome van hiperglisemie insluitend, polidipsie, poliurie, polifagie en swakheid. Pasiënte wat hiperglisemiese simptome ontwikkel tydens ZYPREXA behandeling, moet vastende bloedglukose toetse laat doen. In sekere gevalle het die hiperglisemie opgeklaar met die staking van ZYPREXA, maar daar was ook gevalle waar pasiënte anti-diabetiese middel behandeling moes ontvang ten spyte daarvan dat ZYPREXA gestaak is.

INTERAKSIES:

Weens die primêre uitwerking van olansapien op die sentrale senuweestelsel, moet omsigtigheid aan die dag gelê word wanneer ZYPREXA saam met ander sentraalwerkende middels (veral dié wat SSS-onderdrukking kan veroorsaak) en alkohol geneem word. ZYPREXA kan die uitwerking van levodopa en dopamien-agoniste teenwerk aangesien dit *in vitro* dopamien-antagonisme toon. Weens die potensiaal om hipotensie te induseer, kan ZYPREXA die effek van sekere antihipertensiewe middels versterk.

Tydens kliniese proewe met ZYPREXA IM is olansapien nie geassosieer met ’n volgehoue toename in absolute QT- of QTc-intervalle nie. Tydens kliniese proewe met orale toediening is olansapien nie geassosieer met ’n volgehoue toename in absolute QT-intervalle nie. Slegs 8 van 1 685 persone het verhoogde QTc-intervalle met herhaalde geleenthede gehad. Versigtigheid moet egter aan die dag gelê word, soos met ander antipsigotiese middels, wanneer olansapien voorgeskryf word saam met ander medisyne waarvan dit bekend is dat hulle die QTc-interval verleng, veral by bejaardes, by pasiënte met kongenitale lang QT-sindroom, kongestiewe hartversaking, harthipertrofie, hipokalemie of hipomagnesemie.

Hipotensie en/of bradikardie is waargeneem tydens intramuskulêre toediening van olansapien vir inspuiting. Olansapien het α-1-adrenergiese aktiwiteit. Versigtigheid moet aan die dag gelê word by pasiënte wat behandeling met medisinale produkte ontvang wat bloeddruk kan verlaag deur meganismes anders as α-1-adrenergiese antagonisme.

Potensiële interaksies wat ’n uitwerking op olansapien kan hê: Aangesien olansapien deur CYP1A2 gemetaboliseer word, kan stowwe wat hierdie iso-ensiem spesifiek kan induseer of inhibeer, die farmakokinetika van olansapien beïnvloed.

Ander geneesmiddels se potensiaal om 'n uitwerking op ZYPREXA te hê: Enkeldosisse teensuurmiddel (aluminium, magnesium) of simetidien het nie die mondelike biobeskikbaarheid

van olansapien beïnvloed nie. Die gelyktydige toediening van geaktiveerde houtskool het egter die orale biobeskikbaarheid van olansapien met 50 tot 60 % verlaag en dit moet ten minste 2 uur voor of na olansapien geneem word.

Fluoksetien (60 mg enkeldosis of 60 mg daagliks vir 8 dae) in kombinasie met olansapien (5 mg enkeldosis), veroorsaak 'n gemiddelde toename van 16 % in die maksimum konsentrasie van olansapien en 'n gemiddelde afname van 16 % in olansapienopruiming. Die effek van herhaaldelike en hoër dosisse ZYPREXA is nie vasgestel nie. Kombinasie-behandeling word nie aanbeveel nie.

Die toediening van intramuskulêre lorasepam (2 mg) saam met intramuskulêre olansapien (5 mg) het nie die farmakokinetika van olansapien, ongekonjugeerde lorasepam of totale lorasepam beduidend beïnvloed nie. Toediening van intramuskulêre lorasepam saam met intramuskulêre olansapien het egter bygevoeg tot die slaperigheid wat met elke medisyne alleen waargeneem word.

Induksie van CYP1A2: Rook en gelyktydige karbamasepienbehandeling kan die metabolisme van olansapien induseer, wat effens tot taamlik verlaagde olansapienplasmavlakke kan veroorsaak. Die kliniese gevolge sal waarskynlik beperk wees, maar kliniese monitering word aanbeveel en ’n verhoging van olansapien kan oorweeg word, indien nodig.

Inhibisie van CYP1A2: Bekende kragtige inhibeerders van CYP1A2-aktiwiteit kan olansapien-opruiming verminder. Daar is gewys dat fluvoksamien, ’n spesifieke CYP1A2-inhibeerder, die metabolisme van olansapien beduidend inhibeer. Die gemiddelde toename in olansapien-C_{max} na fluvoksamien was 54 % by vroulike nie-rokers en 77 % by manlike rokers. Die gemiddelde toename in olansapien-AOK was 52 % en 108 % respektiewelik. ’n Laer begindosis van olansapien moet oorweeg word by pasiënte wat fluvoksamien of enige ander CYP1A2-inhibeerders gebruik, soos siprofloksasien of ketokonasool. ’n Verlaging in die dosis van olansapien moet oorweeg word as behandeling met ’n inhibeerder van CYP1A2 begin word.

ZYPREXA se potensiaal om 'n uitwerking op ander geneesmiddels te hê: Olansapien kan die uitwerking van direkte en indirekte dopamienagoniste antagoniseer. Tydens kliniese proewe met enkeldosisse van ZYPREXA, het daar geen onderdrukking van die metabolisme van imipramien/desipramien (P450-CYP2D6 of P450-CYP3A/1A2), warfarien (P450-CYP2C9), teofillien (P450-CYP1A2) of diasepam (P450-CYP3A4 en P450-CYP2C19) voorgekom nie. ZYPREXA het geen wisselwerking getoon wanneer dit gelyktydig met litium of biperideen toegedien is nie. Olansapien het ook, tydens *in vitro*-studies met menslike lewer mikrosome, min potensiaal getoon om die sitochrome P450-CYP1A2, -CYP2C9, -CYP2C19, -CYP2D6 en -

CYP3A4 te onderdruk. In die lig van die uitgebreide kliniese en *in vitro* studies, word nie verwag dat ZYPREXA met die metabolisme van die meeste geneesmiddels sal inmeng nie.

Tydens *in vitro* studies, waar van mens-lewermikrosome gebruik gemaak is, is vasgestel dat ZYPREXA min potensiaal het om die glukuronidasie van valproaat, die hoof metaboliese pad van valproaat, te inhibeer. Verder is daar ook *in vitro* vasgestel dat valproaat geringe invloed op die metabolisme van ZYPREXA het. Kliniese farmakokinetiese interaksie tussen ZYPREXA en valproaat is nie vasgestel nie.

Hoof hersamestelling onverenigbaarheid: Sien 'DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS' – 'Hersamestelling'

SWANGERSKAP EN LAKTASIE:
Veiligheid van ZYPREXA tydens swangerskap en borsvoeding is nog nie vasgestel nie.

DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS:
Orale dosering:
Psigotiese afwykings: ZYPREXA en ZYPREXA VELOTAB tablette moet as 'n daaglikse enkeldosis, sonder inagneming van maaltye, toegedien word. Oor die algemeen moet daar met 'n aanvangsdosis van 5 tot 10 mg per dag begin word, met 'n teikendosis van 10 mg/dag binne etlike dae.

Aangesien stabiele toestand van olansapienbloedvlakke eers na ongeveer een week bereik word en om die effektiwiteit te bepaal en te waak teen newe-effekte, moet verdere dosisaanpassings, indien aangedui, met tussenpose van nie minder as een week geskied nie. Die dosering reeks is van 5 mg tot 20 mg per dag. Verhoging van die dosis bo die aanbevolle daaglikse dosering van 10 mg word nie aanbeveel sonder toepaslike kliniese ondersoek nie.

Akute manie in bipolêre versteurings: ZYPREXA word gewoonlik begin as 'n daaglikse 10 mg enkeldosis, sonder inagneming van maaltye. Dosering aanpasssing binne die aanbevolle 5 mg tot 20 mg per dag, indien aangedui, moet oor teen intervalle van nie korter as 24 uur geskied nie.

Voorkoming van herhaling van episodes in bipolêre versteurings: Die aanbevolle begin dosering is 10 mg per dag. In pasiënte wat ZYPREXA ontvang vir die behandeling van maniese episodes, moet die terapie vir die voorkoming van herhaling van episodes volgehou word teen dieselfde dosering.

Verhoging van die dosering bo die roetine 10 mg daaglikse dosis, binne die reeks van 5 mg tot 20 mg per dag, word alleenlik aanbeveel na toepaslike kliniese ondersoek en nie teen intervalle van korter as 24 uur nie.

Die veiligheid van dosisse wat 20 mg/dag oorskry, is nie tydens kliniese proewe geëvalueer nie.

Geleidelike vermindering van die dosering moet oorweeg word wanneer ZYPREXA behandeling gestaak word. (Sien 'WAARSKUWINGS').

ZYPREXA VELOTAB is bio-ekwivalent aan ZYPREXA bedekte tablette, met 'n soortgelyke tempo en graad van absorpsie. Dit het dieselfde dosering en frekwensie van toediening as olansapien bedekte tablette. ZYPREXA VELOTABS mag gebruik word as 'n alternatief tot ZYPREXA bedekte tablette.

ZYPREXA VELOTABS moet in die mond geplaas word, waar dit vinnig kan oplos in die speeksel, sodat dit maklik ingesluk kan word. Verwydering van die heel oraal oplosbare tablet van die mond is moeilik. Die tablet moet dadelik geneem word wanneer dit uit die verpakking gehaal is, aangesien dit breekbaar is. Alternatiewelik kan dit in 'n glas vol water of 'n ander toepaslike vloeistof (lemoensap, appelsap, melk of koffie) direk voor toediening opgelos word.

Intramuskulêre dosis:
ZYPREXA IM is slegs vir intramuskulêre gebruik. Moenie intraveneus of subkutaan toedien nie. Die aanbevole dosis vir olansapieninspuiting is 10 mg, toegedien as 'n enkele intramuskulêre inspuiting. Op grond van individuele kliniese toestand kan 'n tweede inspuiting van tot 10 mg toegedien word reeds twee uur na die eerste inspuiting en 'n derde inspuiting van tot 10 mg kan toegedien word reeds vier uur na die tweede inspuiting. Die veiligheid van totale daaglikse dosisse groter as 30 mg is nie tydens kliniese proewe geëvalueer nie.

Behandeling met olansapien vir inspuiting moet gestaak word en met orale olansapien in 'n dosisreeks van 5 – 20 mg / dag begin word sodra klinies van pas.

Bejaarde pasiënte: 'n Kleiner begindosis van 2,5 - 5 mg per inspuiting moet oorweeg word vir bejaarde pasiënte.

Hersamestelling:

Hersamestelling van ZYPREXA IM (Poeier vir Inspuiting) met steriele water vir inspuiting:

- Gebruik 2,1 ml steriele water vir inspuiting vir hersamestelling.
- Inspuitingvolumes wat nodig is om verskillende dosisse van olansapien te lewer, word in die volgende tabel gegee:

Dosis, mg Olansapien	Volume van Inspuiting, ml
10,0	Onttrek totale inhoud van flessie
7,5	1,5
5,0	1,0
2,5	0,5

Hoof hersamestelling onverenigbaarheid:

- **ZYPREXA IM moet alleenlik met steriele water vir inspuiting gerekonstitueer word.**
- **ZYPREXA IM moet nie in ’n inspuiting saam diasepam gekombineer word nie, aangesien presipitasie voorkom wanneer die produkte vermeng word.**
- **Lorasepam inspuiting moet nie gebruik word vir hersamestelling van ZYPREXA IM nie, aangesien hierdie kombinasie lei tot vertraagde rekonstitusie tyd.**
- **ZYPREXA IM moet nie in ’n inspuiting saam haloperidol gegee word nie, want die olansapien word oor tyd gedegradeer deur die lae pH.**

NEWE-EFFEKTE EN SPESIALE VOORSORGMAATREëLS:

Newe-effekte:

Die volgende tabel is ‘n opsomming van die kern newe-effekte wat voorgekom het met ZYPREXA behandeling tydens orale en intramuskulêre kliniese studies en/of uit post bemarking ondervinding:

Liggaamsisteem/Newe Effek Terme	**Frekwensie**				
Gevalle	≥ 10 %	< 10 % en ≥ 1 %	< 1 % en ≥ 0,1 %	< 0,1 % en ≥ 0,01 %	< 0,01 %
	Baie algemeen	Algemeen	Selde	Raar	Baie raar
Liggaam as 'n Geheel					
Allergiese reaksie					X
Astenie		X			
Diskontinuasie reaksie					X
Fotosensitiwiteitsreaksie			X		
Gewigstoename	X				
Kardiovaskulêre Stelsel					
Bradikardie			X		
Ortostatiese hipotensie		X			
Veneuse trombo embolisme					X
Spysvertering Stelsel					
Hardlywigheid		X			
Droë mond		X			
Hepatitis					X
Verhoogde aptyt		X			
Pankreatitis					X
Hematologiese Sisteem					
Leukopenia				X	
Trombositopenia					X
Metaboliese Stelsel					
Diabetiese koma					X
Diabetese ketoasidose					X
Hipercholestrolemia[1]					X
Hiperglisemie					X
Hipertrigliseridemie[1]					X
Perifere edeem		X			
Skeletspierstelsel					
Rabdomiolise					X
Senuwee Stelsel					
Akatisie		X			
Duiseligheid		X			
Stuipe				X	
Slaperigheid	X				
Urogenitale Stelsel					

Liggaamsisteem/Newe Effek Terme	**Frekwensie**				
Gevalle	≥ 10 %	< 10 % en ≥ 1 %	< 1 % en ≥ 0,1 %	< 0,1 % en ≥ 0,01 %	< 0,01 %
	Baie algemeen	Algemeen	Selde	Raar	Baie raar
Priapisme					X
Vel en aanhangsels					
Uitslag				X	
Laboratorium Analise					
Kliniese Chemie					
ALT/SGPT - Verhoog		X			
AST/SGOT - Verhoog		X			
Prolaktien - Verhoog	X				
Hematologie					
Eosinofilie		X			

[1] **Ewekansige cholesterol vlakke van ≥ 240 mg/dL en ewekansige trigliseried vlakke van ≥ 1000 mg/dL is baie raar aangemeld.**

Algemeen (< 10 % en ≥ 1 %) newe effekte spesifiek geassosieer met die gebruik van intramuskulêre olansapien in kliniese studies het hipotensie, tagikardie en bradikardie ingesluit.

Die volgende tabel is ‘n opsomming van die kern newe effekte wat geïdentifiseer is tydens intramuskulêre kliniese studies:

Liggaamsisteem/Newe Effek Terme	**Frekwensie**				
Gevalle	≥ 10 %	<10 % en ≥ 1 %	< 1 % en ≥ 0,1 %	< 0,1 % en ≥ 0,01 %	< 0,01 %
	Baie algemeen	Algemeen	Selde	Raar	Baie raar
Kardiovaskulêre Stelsel					
Hipotensie		X			
Tagikardie		X			
Bradikardie		X			

Die volgende tabel is ‘n opsomming van die kern newe effekte wat geïdentifiseer is tydens kliniese studies in pasiënte met demensie van die Alzheimer tipe:

Liggaamsisteem/Newe Effek Terme	**Frekwensie**				
Gevalle	≥ 10 %	< 10 % en ≥ 1 %	< 1 % en ≥ 0,1 %	< 0,1 % en ≥ 0,01 %	< 0,01 %
	Baie algemeen	Algemeen	Selde	Raar	Baie raar
Senuweestelsel					
Abnormale stap	X				
Val	X				
Urogenitale Stelsel					
Urinêre inkontinensie		X			
Respiratoriese Stelsel					
Pneumonie		X			

Die volgende tabel is ‘n opsomming van die kern newe effekte wat geïdentifiseer is tydens kliniese studies in middel geïnduseerde (dopamien agonis) psigose geassosieër met Parkinson se siekte:

Liggaamsisteem/Newe Effek Terme	**Frekwensie**				
Gevalle	≥ 10 %	< 10 % en ≥ 1 %	< 1 % en ≥ 0,1 %	< 0,1 % en ≥ 0,01 %	< 0,01 %
	Baie algemeen	Algemeen	Selde	Raar	Baie raar
Senuwee Stelsel					
Hallusinasies	X				
Parkinson simptomatologie	X				

Die volgende tabel is ‘n opsomming van die kern newe effekte wat geïdentifiseer is tydens kliniese studies in pasiënte wat olansapien in kombinasie met litium of valproaat ontvang:

Liggaamsisteem/Newe Effek Terme	**Frekwensie**				
Gevalle	≥ 10 %	< 10 % en ≥ 1%	< 1 % en ≥ 0,1 %	< 0,1 % en ≥ 0,01 %	< 0,01 %
	Baie algemeen	Algemeen	Selde	Raar	Baie raar
Liggaam as 'n Geheel					
Gewigstoename	X				
Spysvertering Stelsel					
Droë mond	X				
Verhoogde aptyt	X				
Senuweestelsel					
Spraak afwyking		X			
Bewing	X				

Spesiale voorsorgmaatreëls:

Tydens antipsigotiese behandeling kan verbetering van die pasiënte se kliniese toestand etlike dae tot weke neem. Pasiënte moet noukeurig gemoniteer word tydens hierdie periode.

Hipotensie en/of bradikardie is waargeneem tydens ZYPREXA IM toediening. Pasiënte moet bly lê as hulle slaperig of duiselig is na inspuiting, totdat 'n ondersoek aandui dat hulle nie hipotensie, posturale hipotensie en/of bradikardie ondervind nie. Weens die moontlikheid van bradikardie en/of hipotensie met IM olansapien, moet versigtigheid oorweeg word by pasiënte met ernstige kardiovaskulêre siekte waar die voorkoms van sinkopee, of hipotensie en/of bradikardie die pasiënt aan verhoogde mediese risiko kan blootstel.

Gelyktydige toediening van intramuskulêre olansapien en parenterale bensodiasepien is nog nie bestudeer nie, en vir hierdie rede nie aanbeveel nie. (Sien ook 'Interaksies'). As die pasiënt parenterale bensodiasepien benodig, moet dit nie gegee word tot 1 uur na die IM olansapien toediening gestaak is nie. As die pasiënt parenterale bensodiasepien ontvang het, moet IM olansapien nie oorweeg word sonder evaluasie van die kliniese status van die pasiënt nie, en die pasiënt moet streng gemonitor word vir oormatige sedasie en kardiorespiratoriese onderdrukking.

Gepaardgaande siektes: Kliniese ondervinding met ZYPREXA by pasiënte met gepaardgaande siekte is beperk. Aangesien ZYPREXA *in vitro* anticholinergiese aktiwiteit getoon het, moet dit met omsigtigheid vir pasiënte met simptomatiese prostaatvergroting, nouhoekgloukoom of paralitiese ileus en verwante toestande voorgeskryf word.

ZYPREXA is nie tot enige noemenswaardige mate geëvalueer of gebruik by pasïente met 'n onlangse geskiedenis van miokardiale infarksie of onstabiele hartsiekte nie. Pasïente met sulke diagnose is uitgesluit van voorbemarkings kliniese proewe. Weens die risiko van ortostatiese hipotensie met ZYPREXA, moet omsigtigheid by hartpasiënte aan die dag gelê word.

Daar is ’n verhoogde voorkoms van diabetes by pasiënte met skisofrenie. Soos met ander antipsigotiese middels is hiperglukemie of verergering van voorafbestaande diabetes selde gerapporteer tydens behandeling met ZYPREXA. In sommige gevalle is ‘n toename in liggaamsgewig vooraf gerapporteer, wat ’n predisponerende faktor kan wees. Toepaslike kliniese monitering is raadsaam by diabetiese pasiënte en by pasiënte met risikofaktore om diabetes mellitus te ontwikkel.

Nier- en lewerontoereikendheid: Sien ‘Farmakokinetiese eienskappe’.

Serebrovaskulêre newe effekte (CVAE), insluitend beroerte, in bejaarde pasiënte met demensie:
Serebrovaskulêre newe effekte (bv. beroerte, verbygaande ischemiese aanval), insluitend sterftes, was aangemeld in studies van ZYPREXA in bejaarde pasiënte met demensie-verwante psigose. In plasebo-gekontroleerde studies, was daar ’n hoër insidensie van CVAE in pasiënte op ZYPREXA behandeling as in pasiënte op plasebo (1,3 % vs 0,4 % onderskeidelik). Al die pasiënte wat ’n serebrovaskulêre aanval ondervind het, het bekende bestaande risiko faktore gehad wat geassosieër word met ’n verhoogde risiko vir CVAE (bv. geskiedenis van ’n vorige CVAE of verbygaande ischemiese aanval, hipertensie en sigaret rook) en het meegaande siektetoestande gehad en/of kombinasie medisyne gebruik wat ’n temporale verhouding toon met CVAE. ZYPREXA is nie goedgekeur vir die behandeling van pasiënte met demensie-verwante psigose nie.

Fenielalanien: ZYPREXA VELOTAB tablette bevat aspartaam, wat ’n bron van fenielalanien is.

Uitwerking op bestuursvermoë en op die gebruik van masjinerie: ZYPREXA kan slaperigheid veroorsaak. Pasiënte moet daarteen gewaarsku word om nie met gevaarlike masjinerie te werk of motorvoertuie te bestuur totdat hulle redelik seker is dat ZYPREXA-behandeling hulle nie nadelig beïnvloed nie.

Geriatriese gebruik: Tydens kliniese proewe was daar in die algemeen geen indikasie van enige verskille in die verdraagsaamheid van ZYPREXA by bejaardes en jonger volwassenes nie. Desnieteenstaande moet daar in die teenwoordigheid van faktore wat die farmakokinetiese opruiming verlaag, of die farmakodinamiese reaksie op ZYPREXA verhoog, 'n laer aanvangsdosis

oorweeg word. Omdat posturale hipotensie per geleentheid voorgekom het tydens kliniese studies op bejaarde pasiënte, word dit aanbeveel dat bloeddruk lesings periodies geneem word in pasiënte ouer as 65 jaar.

Ortostatiese hipotensie: ZYPREXA kan ortostatiese hipotensie veroorsaak wat met duiseligheid, hartkloppings en, by sommige pasïente, floute geassosieer word. Dit kom veral tydens aanvangsbehandeling voor.

Hiperprolaktinemie: Sien 'Waarskuwings'.

Verhoogde transaminases: Verbygaande verhoging in lewertransaminases (ALT, AST) is waargeneem. Omsigtigheid moet dus aan die dag gelê word by pasiënte met verhoogde ALT en/of AST, by pasiënte wat tekens en simptome van lewerontoereikendheid toon, by pasiënte met voorafbestaande toestande wat met beperkte lewerfunksie-reserwe geassosieer word en by pasiënte wat met potensieel hepatotoksiese middels behandel word. In die geval van verhoogde ALT en/of AST tydens behandeling, moet opvolging gereël gedoen word en dosisverlaging oorweeg word. In gevalle waar hepatitis gediagnoseer is, moet olansapienbehandeling gestaak word.

Hematologie: Omsigtigheid moet aan die dag gelê word wanneer olansapien by die volgende tipes pasiënte gebruik word:

- by pasiënte met lae witbloedsel- en/of neutrofieltellings te wyte aan enige oorsaak,
- by pasiënte met 'n geskiedenis van geneesmiddel-geïnduseerde beenmurgonderdrukking/ toksisiteit,
- by pasiënte met beenmurgonderdrukking veroorsaak deur 'n meegaande siekte, bestraling of chemoterapie en
- by pasiënte met hipereosinofiel-toestande of beenmurgproliferatiewe siekte.

Twee-en-dertig pasiënte met 'n geskiedenis van klosapienverwante neutropenie of agranulositose het olansapien ontvang sonder afnames in basislyn-neutrofieltellings.

Regulering van liggaamstemperatuur: Versteuring van die liggaam se vermoë om interne liggaamstemperatuur te verlaag, is toegeskryf aan antipsigotiese middels. Toepaslike sorg word aanbeveel indien ZYPREXA voorgeskryf word vir pasiënte wat toestande sal ondervind wat tot 'n verhoging van interne liggaamstemperatuur kan bydra.

Disfagie: Slukdermonbeweeglikheid en aspirasie is al met antipsigotiese geneesmiddels geassosieer. ZYPREXA moet met omsigtigheid gebruik word by pasiënte met 'n risiko vir aspirasie-longontsteking.

Selfmoord: Die moontlikheid van selfmoordpogings is inherent aan skisofrenie en noukeurige toesig van hoërisikopasiënte moet met ZYPREXA behandeling toegepas word.

Karsinogenese: Resultate van studies wat op muise en rotte gedoen is, het tot die gevolgtrekking gelei dat olansapien nie karsinogenies is nie. Prolaktienbemiddelde tumore: Sien 'Hiperprolaktinemie' onder 'Waarskuwings'.

Mutagenese: In 'n volle reeks standaard toetse, wat bakteriële mutasietoetse en *in vitro* en *in vivo* soogdiertoetse ingesluit het, was olansapien nie mutagenies of klastogenies nie.

Vrugbaarheidsbenadeling: By manlike rotte is paring, maar nie vrugbaarheid nie, benadeel. Staking van olansapien het die uitwerking op paringsgedrag omgekeer. By vroulike rotte is estrussiklusse en voortplantingsparameters beïnvloed met dosisse wat hoër as die maksimum mensedosis was.

BEKENDE SIMPTOME VAN OORDOSERING EN BESONDERHEDE VAN DIE BEHANDELING DAARVAN:

Tekens en simptome: Baie algemene simptome wat met ZYPREXA-oordosering (≥ 10 % voorkoms) gerapporteer is, sluit in tagikardie, agitasie/aggressiwiteit, disartrie, verskeie ekstrapiramidale simptome en verlaagde bewussynsvlak wat wissel van kalmering tot koma.

Ander beduidende mediese gevolge van ZYPREXA-oordosering sluit in delirium, konvulsies, moontlike neuroleptiese maligne sindroom, asemhalingsonderdrukking, aspirasie, hipertensie of hipotensie, hartaritmieë (< 2 % van oordosisgevalle) en hart-long-stilstand. Noodlottige gevolge is gerapporteer vir akute oordosisse so laag as 450 mg, maar oorlewing is ook gerapporteer na akute oordosis van 1 500 mg.

Behandeling: Die moontlikheid van meervoudige geneesmiddelbetrokkenheid moet oorweeg word. In geval van akute oordosering, moet 'n lugweg bewerkstellig en instand gehou word en voldoende oksigenering en ventilasie verseker word. Maagspoeling (ná intubasie, indien die pasiënt bewusteloos is) en toediening van geaktiveerde houtskool saam met 'n lakseermiddel moet oorweeg word. Die moontlikheid van afstomping, stuipe of distoniese reaksies van die kop en nek wat op 'n oordosering volg, kan 'n risiko van aspirasie met geïnduseerde braking veroorsaak.

Kardiovaskulêre monitering moet onmiddellik begin word en moet volgehoue elektrokardiografiese monitering, om moontlike aritmieë te bespeur, insluit.

Daar is geen spesifieke teenmiddel vir ZYPREXA nie. Gevolglik moet toepaslike simptomatiese en ondersteunende behandeling toegepas word. Hipotensie en sirkulêre ineenstorting moet met toepaslike maatreëls, soos intraveneuse vloeistowwe en/of simpatomimetiese middels behandel word. Epinefrien, dopamien of ander simpatomimetiese middels met β-agonis-aktiwiteit moet nie gebruik word nie, aangesien β-stimulasie hipotensie kan vererger deur die daarstelling van 'n olansapien-geïnduseerde α-blokkade. Noukeurige mediese toesig en monitering moet aanhou totdat die pasiënt herstel het.

IDENTIFIKASIE:

ZYPREXA 2,5 (Tablette), TA 4112, is ronde, wit, filmbedekte tablette, waarop "LILLY" en "4112" in blou ink gedruk is.

ZYPREXA 5 (Tablette), TA 4115, is ronde, wit, filmbedekte tablette, waarop "LILLY" en "4115" in blou ink gedruk is.

ZYPREXA 10 (Tablette), TA 4117, is ronde, wit, filmbedekte tablette, waarop "LILLY" en "4117" in blou ink gedruk is.

ZYPREXA VELOTAB 5 (Tablette), TA4453, is geel, ronde, gevriesdroogde tablette.

ZYPREXA VELOTAB 10 (Tablette), TA4454, is geel, ronde, gevriesdroogde tablette.

ZYPREXA IM (Poeier vir Inspuiting) flessie, VL 7597, is ’n 5 ml Tipe I-flintglasflessie met ’n rubberproppie en geseël met ‘n aluminiumdoppie. Dit bevat ’n geel, steriele, geliofiliseerde poeierprop.

AANBIEDING:

ZYPREXA tablette word voorsien as stulpverpakkings met 28.

ZYPREXA VELOTAB tablette word voorsien in stulpverpakkings met 28. Die stulpverpakking bestaan uit aluminium-plastiek web film geseël met ’n aluminium foelie laag.

ZYPREXA IM (Poeier vir Inspuiting) flessies word voorsien as enkelverpakkings.

BERGINGSAANWYSINGS:

ZYPREXA tablette: Bewaar benede 30 ºC in stulpverpakkings. Beskerm teen lig en vogtigheid.

ZYPREXA VELOTAB tablette: Bewaar benede 30 ºC in stulpverpakkings. Beskerm teen lig en vogtigheid.

MOET NIE VERWYDER VAN DIE STULPVERPAKKING VOOR U NIE GEREED IS VIR ADMINISTRASIE NIE

Poeier vir inspuiting flessie and oplosmiddelspuit: Bewaar benede 25 ºC. Moenie vries nie. Beskerm teen lig en vogtigheid.

Na hersamestelling met steriele water vir inspuiting: Stabiel vir een uur wanneer onder 25 ºC bewaar word (sien 'Dosis en gebruiksaanwysings').

Hou buite bereik van kinders.

REGISTRASIENOMMERS:

32/2.6.5/0685 vir ZYPREXA 2,5 tablette
31/2.6.5/0058 vir ZYPREXA 5 tablette
31/2.6.5/0060 vir ZYPREXA 10 tablette
38/2.6.5/0030 vir ZYPREXA VELOTAB 5 tablette
38/2.6.5/0073 vir ZYPREXA VELOTAB 10 tablette
35/2.6.5/0307 vir ZYPREXA IM (Poeier vir Inspuiting)

NAAM EN BESIGHEIDSADRES VAN DIE HOUER VAN DIE REGISTRASIE SERTIFIKAAT:

Eli Lilly (S.A.) (Edms) Beperk
Petuniastraat 1, Privaatsak X119, Bryanston, 2021.

DATUM VAN PUBLIKASIE VAN HIERDIE VOUBILJET:
01 Dec 2006